GEMEENTE. LES 20

1	GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) *[STILTETYE]* 1 TESSALONISENSE 2 - 5

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (1 Tessalonisense 2 - 5). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) *[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]* (7) JOHANNES 6:37

Herhaal twee-twee:
(7) Johannes 6:37. "Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie."

4	BYBELSTUDIE (85 minute) *[EVANGELIE VAN JOHANNES]* JOHANNES 8:1-59

Inleiding. Johannes 8:1-59 beskryf die appèl van Jesus Christus op die vrou wat op heterdaad betrap is, waar sy owerspel gepleeg het. Hy gee 'n getuienis oor wie Hyself is en waarsku dat mense wat sy getuienis (sy aanspraak) verwerp, hel toe gaan. Ten slotte leer Hy wie werklik die kinders van Abraham is.

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD
Lees. Ons gaan Johannes 8:1-59 saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?
Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?
Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek.
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.
Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

8:30
Ontdekking. Mense wat hulleself "Christene" noem (naam-Christene) kan vyande van Christus word.
Aantekeninge.

(1) Naam-Christene wat vyande van Christus geword het.

In Johannes 8:30-32 lees ons dat baie Jode in Jesus Christus begin glo het. Jesus sê toe teenoor hulle dat as hulle sy woorde sou gehoorsaam, sou hulle werklik sy dissipels wees en die waarheid sou hulle vrymaak. Maar hierdie mense bied later tog heftig weerstand teen Jesus toe Hy sê dat elkeen wat die sonde doen, 'n slaaf van die sonde is. Hulle reageer heftig daarteen en sê dat hulle nooit slawe van iemand was nie en dat hulle nie buite-egtelike kinders (kinders uit hoerery gebore) is nie (Johannes 8:33,41). Hulle het Jesus uitgeskel en gesê dat Hý waarskynlik 'n buite-egtelike kind, 'n veragte Samaritaan en (deur 'n duiwel/demoon) besete was (Johannes 8:48). Daar vind toe 'n groot verandering in hul houding teenoor Jesus Christus plaas. Eers was die mense goedgesind teenoor Hom, maar nou het hulle steeds meer vyandig teenoor Hom geword.

(2) Die verskil tussen oppervlakkige geloof en saligmakende geloof.

Dit is dus moontlik dat bepaalde mense eers in Jesus Christus begin glo en later ophou om in Hom te glo, terugval en selfs vyande van Christus word! Maar, tog is daar 'n groot verskil tussen *oppervlakkige geloof* en s*aligmakende geloof.*

Oppervlakkige geloof is maar net ’n verstandelike oorreding. Dit is ’n *tydelike geloof* dat bepaalde feite waar is. *Oppervlakkige geloof vereis geen toewyding nie*. Maar saligmakende geloof (die geloof wat tot die ewige lewe lei) is ’n oorgawe van jou hart en jou lewe aan Jesus Christus. Dit is ’n saak van die gedagtes van jou verstand, die emosies van jou hart, die beslissings en keuses van jou wil en die dade in jou gedrag. Saligmakende geloof is ’n toewyding van jou hart en jou lewe aan Jesus Christus.

As die werkwoord ‘glo’ in *die onvoltooid teenwoordige tyd* staan, dan beteken dit altyd die saligmakende geloof! Byvoorbeeld Johannes 3:16 sê: “sodat dié wat (*aanhoudend - sonder ophou)* in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê” Die onvoltooide teenwoordige tyd word ook in Johannes 3:18 gebruik: “Wie in Hom (*bly)* glo, word nie veroordeel nie, wie nie (bly) glo nie, is reeds veroordeel, omdat hy (letterlik in Grieks:) nie in die enigste Seun van God bly glo het nie (*voltooid teenwoordige tyd*) – sy geloof is dan ’n ewige teenwoordige werklikheid!” (Ook in Johannes 6:35,40,47; 7:38; 11:25-26; 12:44,46; 14:12; 17:20 word die onvoltooide teenwoordige tyd gebruik).

Daarom is dit belangrik dat Christene besef dat mense met ’n oppervlakkige geloof nie verlos is nie en ’n tydjie later afvallig kan word. Maar wanneer mense die saligmakende geloof het, sal hulle blý glo, nie terugval nie en werklik verlos wees, want God sal die goeie werk wat Hy in hulle begin het, voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom (Filippense 1:6)!

8:31

Ontdekking. Die betekenis van ware vryheid.

***Aantekeninge*.**

In Johannes 8:31-36 het Jesus gesê:, “As julle aan My woorde getrou bly ...en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak ... Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees.” Jesus leer die aard van die ware vryheid en hoe om die ware vryheid te kry.

(1) Vryheid volgens die wêreld is dat jy mag doen wat jy wil.

In die wêreld sê baie mense dat ‘vryheid’ is dat jy mag doen wat jy wil. Jy is ‘vry’ as jy die kapitein van jou eie skip is, die baas/meester van jou eie bestemming en die koning oor jou eie siel. Dan kan niemand jou vertel wat jy moet glo of wat jy moet doen nie. Dan moet daar ook geen grense wees wat jou vryheid beperk nie. Elkeen moet vir homself keuses en beslissings maak oor hoe hy leef.

Maar Jesus sê dat die vryheid volgens die wêreld geen ware vryheid is nie! Hy sê dat vryheid volgens die wêreld beteken dat jy jou eie slaaf is!

(2) Vryheid volgens die Jode is vryheid van afgodery.

Die Jode maak daarop aanspraak dat hulle nooit slawe van iemand was nie. Hulle vergeet dan die tydperk van slawerny in Egipte, maar bedoel dat hulle nooit aan afgodery gebind was soos die heidene nie. Hulle dink dat die Jode altyd die lewende God gedien het.

Maar die Jode vergeet al die kere wat hulle in hulle geskiedenis teen God gerebelleer en gesondig het. Selfs in die tyd van Jesus Christus het die Jode in sonde geleef. Jesus sê dat die vryheid volgens die Jode glad nie vryheid was nie, omdat dit slawerny aan die sonde was! Jesus het nie gepraat oor die vryheid van afgodery nie, maar oor vryheid van die sonde!

(3) Vryheid volgens Jesus Christus is vryheid van die sonde.

‘Sonde’ is nie maar net as jy verkeerde en slegte dinge doen nie. ‘Sonde’ is ‘onafhanklikheid van die God’ wat Hom in die Bybel geopenbaar het. ‘Sonde’ is om die doel (bedoeling) van God te mis, die gebooie van God te oortree, en die waarhede van God in die Bybel te verdraai. ‘Sonde’ is om te doen wat God in die Bybel verbied en nié te doen wat God in die Bybel gebied, nie! Vergelyk handleiding 1, les 3.

In Johannes 8:34 leer Jesus dat wie sonde doen ’n slaaf van die sonde is! Met hierdie uitspraak het Hy die onderskeid wat die Jode tussen Jode en nie-Jode (heidene) gemaak het, uitgewis. Alle mense het gesondig en is slawe van bepaalde sondes in hulle lewens. Hulle kan nie ‘nee’ sê vir bepaalde sondes in hulle lewens nie! Deurdat die Jode kennis van God en sy Woord het en tóg voortgaan om te sondig, maak hulle sondes maar net erger! Solank ’n Jood of nie-Jood voortgaan met sondig en hy nie wíl of kán ophou om te sondig nie, is hy ’n slaaf van die sonde en dus nie vry nie!

Daar is twee gevolge van slawerny aan die sonde:

- ‘n Slaaf is die gevangene van sy baas/meester (met die naam ‘sonde’) en kan homself nie van hierdie slawerny bevry nie!
- ‘n Slaaf het geen permanente posisie in die huisgesin nie, omdat hy gewoonlik weer aan ’n ander baas/meester verkoop word.

Slawerny aan die sonde bring die gevoel van hopeloosheid, omdat die sondaar nie in staat is om homself uit hierdie slawerny te bevry nie. Die slawerny aan die sonde lei gewoonlik tot groter slawerny. Die verslaafdheid aan ’n bepaalde sonde lei gewoonlik tot ’n verslaafdheid aan nog ’n ander sonde. Byvoorbeeld, ’n slaaf van seksuele immoraliteit word gewoonlik ook ’n slaaf van valse uitsprake oor die Bybel! ’n Slaaf van te veel eet word maklik ’n slaaf van te veel TV en video’s kyk. ’n Slaaf van te veel alkohol word dikwels ook ’n slaaf van verdowingsmiddels en kriminaliteit.

Jesus leer dat ware vryheid kom as ’n mens verbonde is aan Jesus Christus. Ware vryheid is gebondenheid aan Jesus Christus! Hy sê: “As die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees!” Dus, wie aan Jesus Christus verbonde is, is vry van gebondenheid aan die sonde! Gebondenheid aan Jesus Christus lei tot ware vryheid van gebondenheid aan sonde. Maar wie vry van Jesus Christus wil bly, bly gebonde aan die sonde! Wie die vryheid volgens die wêreld wil hê (sonder grense en beperkings), bly ’n slaaf van die grense en beperkings van sy eie sondes!

Daarom is ware vryheid nie dat jy mag doen wat jy wil nie, maar dat jy doen wat jy behoort te doen. Vryheid is om te doen wat die God van die Bybel wil hê dat jy moet doen! Daarom kom ware vryheid nie deur een of ander godsdiens na te volg of bepaalde godsdienstige oefeninge soos ‘meditasie’ of ‘joga’, ens. te doen nie), omdat die godsdienste in die wêreld en al hierdie godsdienstige tegnieke nie klaarspeel met die probleem (‘sonde’) nie (Romeine 3:23) en ook nie afreken met die gevolge van hierdie probleem nie (‘skeiding van die lewende God’)(Jesaja 59:1-2). Hulle kan nie met hierdie twee sake afreken nie! Ware vryheid is nêrens te vinde nie, behalwe by Jesus Christus, omdat nét Jesus Christus vir die sonde gesterf het (1 Petrus 2:24) en nét Jesus Christus mense weer by God kan uitbring (1 Petrus 3:18). Ware vryheid kry jy alleen as jy aan Jesus Christus gebonde is! Alleen wanneer jy aan Jesus Christus gebonde is, wil jy graag doen wat jy behoort te doen en kán jy ook doen wat jy behoort te doen! As Jesus Christus jou vrygemaak het, sal jy waarlik vry wees!

STAP 3. VRAAG. UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?
Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 8:1 - 59 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.
Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen ’n beurt kry om hulle vraag te lees.
Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.
Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

Vraag 1. Hoe moet Christenen die doodstraf vir seksuele oortreders beskou?
Aantekeninge.
Owerspel is seker ’n baie ernstige oortreding. In die Ou Testament het manne en vrouens wat op owerspel betrapt is die doodstraf. Maar na die eerste koms van Jesus Christus is die bring van ’n soenoffer net soos die strafwette (’n deel van die burgerlike wet in Israel) deur Jesus Christus *vervul* (Matteus 5:17) en *verander* (Hebreërs 7:12). As ’n mens hom opreg van sy sondes bekeer en sy sonde bely, sal Jesus Christus hom vergewe en van alle ongeregtigheid reinig (1 Johannes 1:9).

Tog is daar vandag nog godsdienstige leiers en leeraars wat alleen maar oortreders van die wet (ook van hulle eie mensgemaakte wette) wil straf en doodmaak. Hulle doen dit omdat hulle Jesus Christus, sy volbragte verlossingswerk en sy genade en vergewing in die Nuwe Testament nie ken nie. Hulle leef nog “onder die wet” (Romeine 6:14). Self hou hulle hulleself glad nie aan die wet nie, maar stel hulleself op as regters in die plek van God deur die ander oortreders van die wet dood te maak. In die Nuwe Testament het alleen die owerheid die gesag om die doodstraf uit te voer (Romeine 13:4; vergelyk Genesis 9:6)

Christene moet die Ou-Testamentiese wette altyd uitlê in die lig van die eerste koms van Jesus Christus en in die lig van die onderrrig in die Nuwe Testament

---

8:21-24

Vraag 2. Wat bedoel Jesus as Hy sê dat mense in hulle sondes sal sterf as hulle nie in Jesus Christus glo nie?
Aantekeninge.

In Johannes 8:24 sê Jesus uitdruklik: “As julle nie glo dat EK IS (Grieks: egó eimi) nie, sal julle in julle sondes sterwe.” Die woorde “Ek is” beteken: “EK IS DIE EEN WAAROP EK AANSPRAAK MAAK”.

Dit verwys na die volgende Ou-Testamentiese uitsprake: In Eksodus 3:14 sê die HERE (Hebreeus: JaHWeH) “EK IS WAT EK IS”, wat beteken: “EK WAS, EK IS EN EK SAL ALTYD DIE EEN WEES WAT EK GEOPENBAAR HET”. In Deuteronomium 32:39 sê die HERE letterlik: “Besef dit tog: Ek, EK IS (ANV voeg toe “die Here”)! Naas My is daar geen ander God nie.” En in Jesaja 43:10 sê die HERE letterlik: “Israel, julle is my getuies, ... sodat julle My kan ken en in My kan glo en kan besef dat EK DIESELFDE IS (ANV: vertaal: dat Ek die HERE is). Voor My was daar geen god nie, en na My sal daar ook nie een wees nie.” Al die gode van die ander godsdienste is nie GOD nie. Hulle bestaan nie regtig nie. Hulle is maar net uitvindings (versinsels) van godsdienstige mense.

Dieselfde uitdrukking word verskeie kere in die Evangelie van Johannes gebruik: Jesus antwoord die vrou wat die Messias verwag het, “EK IS (die Messias)” (ANV vertaal: DIT IS EK, EK wat met jou praat” (Johannes 4:26). Die man wat blind was hoor dat mense sê dat hy lyk maar net soos die een wat genees is, gebruik ook hierdie woorde: “EK IS (die een wat gebedel het)(Johannes 9:9). Jesus sê: “EK IS (Jesus van Nasaret) (Johannes 18:5-8). Hier in Johannes 8:24

sê Jesus: “EK IS (alles waarop Ek aanspraak maak): Die Een wat deur God die Vader gestuur is, Die Een wat van bo-af kom, die Seun van die mens, die Enigste Seun van God, Die Een wat gelyk is aan God die Vader, Die Een wat lewe-in-Homself het, die werklike Inhoud van die Skrifte. Hy sê: EK IS die Brood van die lewe (Johannes 6:35), EK IS die Lig vir die wêreld (Johannes 8:12), EK IS die Deur vir die skape” (Johannes 10:7), EK IS die Goeie Herder (Johannes 10:11), “EK IS die Opstanding en die Lewe” (Johannes 11:25-26), “EK IS die Weg en die Waarheid en die Lewe” (Johannes 14:6), en “EK IS die Ware Wynstok” (Johannes 15:1).

Jesus het aanspraak gemaak op die volgende: “Wie in My glo, glo nie net in My nie, maar ook in Hom wat My gestuur het. En wie My sien, sien ook Hom wat My gestuur het” (Johannes 12:44-45).

Niemand kan neutraal bly t.o.v. van Jesus Christus nie! Óf jy glo in Jesus Christus óf jy glo nié! Wie nie in alles glo waarop Jesus Christus aanspraak maak m.b.t. Homself nie, sal in sy sondes sterwe! Hierdie sterwe is nie maar net die liggaamlike dood nie, maar die ewige dood. Hy sal in die hel gegooi word. Wie Jesus Christus verwerp, sal geen vrede of gemoedsrus ervaar as hy/sy sterf nie, maar nét duisternis en wanhoop! Die Een (Jesus Christus) wat hy verwerp het, sal nie daar wees om hom te help in sy nood en wanhoop nie. Hy sal net maar die heilige en regverdige toorn van God ervaar en hy sal na die ewige verderf gaan, die poel wat met vuur en swael brand (Openbaring 21:8). Hy kan nooit by die plek kom waar Jesus Christus is nie, naamlik in die paradys of hemel, waar God die Vader ook is (Hebreërs 12:22-24).

In Johannes 8:21 word die sonde (enkelvoud) van die Jode wat Hom verwerp kollektief gesien en in vers 24 word die sondes (meervoud) van die Jode afsonderlik beskou. As iemand Jesus Christus nie persoonlik ken nie (in die betekenis van ’n persoonlike verhouding met Hom hê), ken hy ook nié die enigste God wat bestaan nie. As iemand nie die aansprake van Jesus Christus glo nie, verwerp hy ook die enigste God wat bestaan, omdat God Jesus Christus gestuur het! Wie Jesus Christus as die Seun van God verwerp, gaan hel toe.

8:37-45

Vraag 3. Wie is die ware kinders van Abraham?

***Aantekeninge*.**

(1) Die Jode as ’n natuurlike ras is nie die kinders van Abraham nie.

In vers 37 erken Jesus dat die Jode *die fisiese nageslag (letterlik: die saad) van Abraham* is. Maar in vers 39 sê Hy dat as die Jode werklik *die geestelike nageslag (letterlik: die kinders)* van Abraham was, sou die Jode die werke van Abraham doen. Abraham het die boodskappers van God *verwelkom*, het die gebooie van God *gehoorsaam* en het *geglo* dat God sou doen wat Hy beloof het. Uiteindelik *het* Abraham hom daaroor *verheug* dat hy die dag van die toekomstige Messias, Jesus Christus wat sou kom, sou sien (Johannes 8:56)(vergelyk Genesis 12:3; 22:18). Maar die Jode het nié die werke wat Abraham gedoen het, gedoen nie. Inteendeel het die Jode die Messias verwerp en beraadslaag hoe hulle Hom om die lewe sou kon bring (Matteus 12:14)!

Jesus maak die gevolgtrekking dat die Joodse godsdienstige leiers en leraars NIE kinders van Abraham was nie, maar die kinders van die duiwel was! Die duiwel was van die begin af (by die paradys) ’n mensemoordenaar en die vader van die leuen. Nou is die Joodse godsdienstige leiers en leraars ook moordenaars en leuenaars! Daarom is die duiwel hulle regte vader! Die houding, woorde en dade van die Jode bewys dat die duiwel hulle regte vader is!

(2) Die Christene uit elke volk in die wêreld (ook die Joodse volk) is die ware kinders van Abraham.

Die ware kinders van Abraham is nie naam-Christene nie, maar egte (wedergebore) Christene. Die apostel Paulus het gesê dat Abraham die vader van alle gelowiges (d.w.s Christene) is (Romeine 4:11-16). Hy het geleer dat die seëninge en beloftes van God nie aan die fisiese nageslag van Abraham (die Jode[1]) gegee is nie, maar aan ‘die saad’ (Hebreeus: zera) van Abraham, naamlik: Jesus Christus (Galasiërs 3:14-29)!

Daarom, wie in Jesus Christus (en sy aansprake) glo[2], is ‘n geestelike kind van Abraham. Wie nie in Jesus Christus (en sy aansprake) glo nie, is nie ‘n kind van Abraham nie! Die aanspraak om ‘n fisiese nakomeling van Abraham te wees, het geen enkele voordeel nie! Elke mens wat in Jesus Christus (en sy aansprake glo, is ’n geestelike kind van Abraham! Hy sal ook die werke van Abraham doen: hy sal in Jesus Christus glo, Hom gehoorsaam en hom in Jesus Christus verbly!

8:51

Vraag 4. Wat bedoel Jesus as Hy sê: “As iemand my woorde ter harte neem, sal hy in alle ewigheid nooit sterwe nie”.

***Aantekeninge*.**

Om die woorde van Jesus Christus in ag te neem beteken om die woorde van Jesus Christus te glo, aan te neem, vas te hou en te gehoorsaam sodat niemand dit kan wegvat nie. Dit kan dus nie verwys na ’n *eenmalige* gebeurtenis nie, byvoorbeeld, om éénmaal in jou lewe ‘n belydenis van geloof af te lê. Dit verwys na ’n *aanhoudende* gehoorsaamheid

[1] Die Jode, die naam-Christene en die Moslems maak almal aanspraak daarop dat hulle nakomelinge van Abraham is.
[2] Insluitend Jode, Christene en Moslems wat regtig in Jesus Christus en sy aansprake in die Bybel glo.

aan sy woorde. ‘n Eenmalige handeling soos “glo dat God één is” of “sê dat Jesus ’n profeet is” maak geen enkele indruk op Jesus Christus nie. Die duiwels glo ook dat God één is (Jakobus 2:19), maar sidder, omdat hulle weet dat hulle na die ewige vuur (hel) gaan (Matteus 25:41)! Jesus Christus neem net mense ernstig wat hulle toegewy het om die wil van God, soos dit in die Bybel geopenbaar is, te doen (Matteus 7:21- 27).

Jesus het belowe dat mense wat ag slaan op sy woorde, die dood nie sal sien nie. Die Jode het nie begryp dat Jesus met hulle praat oor die *geestelike* dood nie. Hulle het alles wat Jesus gesê het *letterlik* opgeneem en kon daarom nie die onderrig van Jesus begryp nie. Die Jode het net aan die *liggaamlike* dood gedink. Maar Jesus het gepraat oor *die dood in verhouding tot God* – die hel. Hy het gepraat oor geskei wees van die liefdevolle en sorgsame teenwoordigheid van God en die ervaring van God se toorn en verdoemenis tot in alle ewigheid (vergelyk 2 Tessalonisense 1:8-9). Jesus Christus het beloof dat wie sy woorde ter harte neem nooit van die liefdevolle en sorgsame teenwoordigheid van God geskei sou word nie en nooit die regverdige en heilige toorn en verdoemenis van God sou ervaar nie!

8:56

Vraag 5. Hoe het Abraham werklik die dag van Christus gesien?

***Aantekeninge*.**

In Johannes 8:56 sê Jesus: “Abraham, julle voorvader, het hom daaroor verheug dat hy die dag van my koms sou sien, en hy het dit gesien en was bly.” Dit beteken nie noodwendig dat Abraham Jesus fisies gesien het nie (vergelyk ook Genesis 18:1-15), maar dat Abraham *die dag van Jesus gesien het*. God het aan Abraham ’n seun beloof en Abraham het met vreugde daarna uitgesien. Vyf-en-twintig jaar lank moes Abraham op hierdie seun wag. Toe die seun gebore is, het Abraham hom ‘Isak’ genoem, wat ‘lag’ beteken (Genesis 21:5-6).

In Genesis 12:3,7 en 22:18 het God beloof: “In jou nageslag (Hebreeuws: zera, zaad) sal al die nasies van die aarde geseën word.” Dus het hy hom verheug oor ’n fisiese seun (Isak), maar ook oor één van sy nakomelinge (die saad)(Galasiërs 3:16) in wie alle families op die aarde geseën sou word. Abraham het begryp dat die ‘saad’ ’n verwysing was na die toekomstige Messias, die Hoop vir die mensdom, die Verlosser van die wêreld! Hebreërs 11:13 sê dat die gelowiges in die Ou-Testamentiese periode die vervulling van die belofte m.b.t. die saad nie gesien het nie! Alle ware gelowiges in die Ou Testament het in die geloof (d.w.s. geloof in die belofte van God) gesterf. Hulle het die vervulling van die beloftes nie verkry nie, maar het dit in die verte gesien en geglo en begroet. Dit was in hierdie sin dat Abraham ‘die koms van die dag van Jesus Christus gesien het’. Hy het Jesus Christus (die saad)(Galasiërs 3:16) in die geloof gesien en het Hom vanuit die verte (vanuit die verre vroeëre geskiedenis) verwelkom. Abraham het hom verheug in die koms van Jesus Christus (in die toekoms).

STAP 4. DOEN. TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou saam ’n dinkskrum en maak ’n kort lysie van moontlike toepassings uit Johannes 8:1-59.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

Skryf neer. As jy ’n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie.

(Let wel dat hoewel ’n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik ’n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid wees. Hier volg ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 8:1-59.

8:6. “Met sy vinger op die grond geskrywe.” Daar is mense wat maar net vrae stel om jou in ’n strik te laat beland en jou dan te beskuldig voor hulle godsdienstige en burgerlike regbanke. Jy is nie verplig om hulle vrae te beantwoord nie. Soms is dit wys om gewoon jou mond te hou.

8:7. Maar op ander tye is ’n gepaste antwoord op sy plek. Jesus het ’n baie insiggewende opmerking gemaak: “Laat die een van julle wat ’n skoon gewete het, eerste ’n klip op haar gooi.” Die feit dat niemand ’n klip op haar gegooi het nie, is ’n bewys dat almal al op ’n slag owerspel in sy lewe (met sy gedagtes, woorde of dade) gepleeg het. Lees Matteus 5:27-30. “Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter in jou broer se oog uit te haal” (Lukas 6:41-42).

8:11. Nadat Jesus Christus jou sondes vergewe het, moet jy breek met hierdie sonde! “Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.” Lees Spreuke 28:13. “Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang.”

8:12. Volg Jesus Christus en jy sal altyd die lig van verlossing, voldoening, vernuwing en seën ervaar.

8:15. Moenie oordeel nie. Om iemand te oordeel is die taak van Jesus Christus (Johannes 5:22). Jesus Christus het nie gekom om die mense op aarde oor hulle sondes te veroordeel nie, omdat hulle al reeds veroordeel staan. Hy het gekom om mense - wat veroordeel staan - te verlos (Johannes 3:17-18). Hoewel Jesus Christus baie oor die godsdienstige leiers en leraars kon sê en kon oordeel (Johannes 8:26), oordeel Hy mense nie volgens menslike standaarde nie (Johannes 8:15; Matteus 7:1-2). Hy veroordeel wel mense wat dink dat hulle geen sondes het nie en dink dat hulle regverdig is (Johannes 9:39).

8:31. Gehoorsaam die onderrig van Jesus Christus. Dit bewys dat jy waarlik ’n dissipel van Jesus Christus is.
8:36. Gehoorsaam die onderrig van Jesus Christus en jy sal waarlik vry word.
8:42. Jy moet Jesus Christus liefhê, omdat dit bewys dat God jou hemelse Vader is.
8:44. Mense wat andere doodmaak (soos moordenaars, oorlogsmisdadigers, godsdienstige ekstremiste - “jihaddiste”, dwelmbase, ens.) en leuens versprei (byvoorbeeld oor Christus, oor die Bybel en oor Christene) het die duiwel as hulle vader. Hulle het verseker nie die God van die Bybel as hulle (geestelike) Vader nie!

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 8:1-59.

Ek maak seker dat ek nie maar net ’n oppervlakkige (historiese) geloof het nie, maar ’n saligmakende geloof het. En as ek die Bybel lees of bestudeer, dan maak ek seker dat ek die waarhede nie net met my verstand glo nie, maar ook my lewe aan hierdie waarhede toewy. Ek vra die Heilige Gees om my van harte gehoorsaam en toegewyd te maak aan die God wat Hom in die Bybel geopenbaar het.

Ek wil nie in die sogenaamde ‘vryheid’ van die wêreld lewe nie, maar in die ware vryheid. Die vryheid van die wêreld wil vry wees om te doen wat hulle wil. Dit het geen grense of beperkings nie. Maar die vryheid in Christus doen wat dit veronderstel is om te doen. Die ware vryheid respekteer die grense en beperkings wat God in die Bybel vasgestel het.

STAP 5. BID. REAKSIE
MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 8:1 - 59. (Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur maar één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute) *[VOORBIDDING]* BID VIR ANDERE

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute) *[OPDRAGTE]* VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op ‘n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.
1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 8 saam met ’n persoon of ‘n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit 2 Tessalonisense 1 – 3. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (8) Johannes 7:38. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.